No 16 - 2025] Second Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 21 AUGUST 2025

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATION AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Ms T Lithakong: The Western Cape housing backlog, in relation to the Breaking New Ground government project, as well as the social housing crisis.

---

**FURTHER BUSINESS**

**MOTIONS WITH NOTICE** ***(21 August 2025)***

1. Mr M K Sayed: That the House debates the concerning issue of school safety and negligence in the Western Cape.

2. Ms A P Bans: That the House debates the rising cost of living in the Western Cape and in Cape Town in particular.

3. Ms B Stoffel: That the House debates the escalating electricity tariffs (12,74% hike), which place a heavy burden on residents, as well as the push for private-sector energy projects and water resilience planning, including critical drought preparation.

4. Ms P Z Lekker: That the House debates the stalled development of prime public land, such as the Tafelberg site and the Woodstock Hospital, and abandoned regeneration programmes that pose barriers to spatial equity and affordable housing.

5. Mr F Kamfer: That the House notes that Cape Town ranks among the world’s top 10 most congested cities, with residents losing an average of 94 hours annually to traffic; and debates the transport frameworks, rail revival and public transit improvements that are urgently needed.

6. Ms N D Nkondlo: That the House debates the 30% US tariff introduced in August 2025 that disproportionately affects farmers in the province, noting that the Western Cape is South Africa's largest agricultural exporter with citrus, wine, grapes and fruit being highly dependent on overseas markets.

**NOTICES OF MOTION** ***(14 August 2025)***

1. Ms A P Bans: That the House notes with sadness and expresses its deepest condolences following the horrific and senseless murder of seven-year-old Lolitha Kowa from Kuyasa, Khayelitsha; notes that Lolitha was reported missing by her mother on the evening of Tuesday 22 July 2025, and that her body was tragically discovered the next morning at a nearby dumping site, brutally assaulted, wrapped in bloodied clothing, and with a screwdriver lodged in her skull; notes that autopsy reports further confirmed that she was sexually violated before being killed; notes that this barbaric crime has once again laid bare the continued failure of the Western Cape Government and its law enforcement agencies to protect our most vulnerable, especially women and children living in poor and underserved communities; notes that it is unacceptable that communities, such as Khayelitsha, continue to suffer from inadequate policing, under-resourced social services and poor infrastructure, all of which contribute to the growing climate of fear and lawlessness; notes that we cannot allow the murder of yet another child to pass without accountability or systemic change; calls for an urgent review of the Province's Safety and Security Strategy; challenges this government to prioritise the lives of the marginalised, not only in words, but in action; and expresses deepest sympathy to the family of Lolitha Kowa.

2. Ms P Z Lekker: That the House notes with deep sorrow and outrage the brutal rape and murder of 25-year-old Zenande Tshazibane from Nyanga, who was tragically killed just days after seeking a protection order from the authorities; further notes that Zenande's death reflects a devastating and systemic failure by the justice and law enforcement system to provide timely and effective protection to women who are at risk of gender-based violence; condemns in the strongest possible terms the ongoing violence against women in the Western Cape, particularly in working-class communities, such as Nyanga, which remain under-policed, under-resourced and neglected by the provincial government; acknowledges that Zenande's murder is not an isolated case but part of a broader crisis of gender-based violence and femicide that continues to claim the lives of countless women and girls in the province; calls on this House and the Western Cape Government to prioritise the safety of women urgently through improved access to justice, stronger accountability mechanisms in the SAPS and the court system, and the expansion of gender-based violence prevention programmes; and conveys sincerest condolences to friends and family.

3. Ms R Windvogel: That the House expresses its deepest condolences following the fatal shooting of 46-year-old Naeema van der Vindt, a resident of Kalksteenfontein, who was gunned down in cold blood in what is believed to be a targeted attack; notes that it is alleged that Ms Van der Vindt was a key witness in an active criminal case, raising serious concerns about the safety and protection of whistleblowers and witnesses in our justice system; notes that this incident has not only robbed the family of a mother, sister and loved one, but also struck a blow to the broader fight against crime and corruption as it sends a chilling message to those who dare to speak out; condemns, in the strongest possible terms, the

continued failure by the Western Cape Government and law enforcement agencies to implement adequate witness protection and community safety measures – particularly in crime-ridden areas, such as Kalksteenfontein; notes that the ongoing pattern of intimidation, violence and the silencing of witnesses undermines the rule of law and obstructs justice, especially for communities already living under the siege of gangs and violent crime; calls on the provincial government and the South African Police Service to strengthen mechanisms that guarantee the protection of witnesses, whistleblowers and vulnerable individuals who come forward in the interest of justice; and conveys its sincere sympathy to the Van der Vindt family and the Kalksteenfontein community – may her life and bravery not be forgotten, and may her death serve as a catalyst for change and accountability in the Western Cape's criminal justice system.

4. Mr B Ngqentsu: That the House notes with deep sadness and alarm the tragic death of Amanda Manentsa, a mother of three, who was fatally shot on the R300 highway after experiencing a burst tyre; notes that this shocking incident not only highlights the ever-increasing danger on our roads, but also raises serious concerns about criminal activity and the safety of motorists on key transport routes in the Western Cape; condemns this brutal act and the apparent lawlessness that continues to claim innocent lives, particularly those of women and mothers, who bear the burden of raising families and contributing to society; notes that the continued violence on our roads and highways, especially in areas, such as the R300, reflects a deeper failure of the provincial government and law enforcement agencies to implement adequate patrols, surveillance and emergency response systems; calls on the Western Cape Government and relevant law enforcement authorities to take urgent steps to secure high-risk routes, such as the R300, and to work collaboratively with communities and national stakeholders to improve visibility, response time and road-user safety; and extends its heartfelt condolences to the Manentsa family, her three children, and all who knew and loved her.

5. Mr M K Sayed: That the House notes with deep concern and outrage that nearly 200 school assistants in the Western Cape have not received their stipend payments for several weeks, leaving many of them — who already earn meagre wages — unable to meet their basic needs and fulfil their family responsibilities; further notes that these school assistants play a critical role in supporting teachers, enhancing classroom learning and ensuring the smooth functioning of schools, yet they are being treated with disregard and disrespect by the provincial administration; condemns the unacceptable delays in payment as a gross failure of governance and financial management by the Western Cape Government, which has once again demonstrated its inability to prioritise the livelihoods of ordinary working people over bureaucratic inefficiencies; notes that it is a disgrace that, in a province where the cost of living is among the highest in the country, the very people who contribute daily to the education and development of our children are left without income for weeks on end; calls on the provincial government to immediately release all outstanding payments to school assistants, to put in place clear and enforceable timelines for stipend disbursement, and to account to this House for the administrative failures that caused these delays; and demands the implementation of stronger labour protections and contractual safeguards to ensure that no school assistant, or any other vulnerable worker in the provincial education system, is ever again subjected to such hardship and indignity.

6. Mr M K Sayed: That the House notes with alarm and outrage that ongoing gun violence in the Steenberg community forced the Steenberg High School to dismiss learners and staff

early on Tuesday due to a surge in shootings in the area; further notes that this is not an isolated incident but part of a long-standing pattern of violence in many working-class communities in the Western Cape, where learners' right to education is repeatedly undermined by the provincial government's failure to address the root causes of crime and to ensure the safety of schools; condemns the inaction and inadequate response of the Western Cape Government, which continues to leave communities such as Steenberg trapped between gang violence and under-resourced policing; notes that the safety of learners, teachers and school staff cannot be treated as a secondary issue or left solely in the hands of overstretched police services; notes that the provincial administration has the political and constitutional responsibility to coordinate urgent interventions, to strengthen school safety programmes and to work with the national government to deploy additional policing, social services and community development resources to violence hotspots; calls on the Premier and the Miniter of Education to account to this House about what concrete, immediate steps will be taken to protect learners and educators in Steenberg and other affected communities, and to present a comprehensive time-bound safety plan that addresses both the security crisis and the socio-economic drivers of violence; and further demands that the provincial government stop shifting blame to national authorities and instead exercise its own powers to deliver the safety, stability and peace that our communities have been demanding for far too long.

7. Mr M B Ngqentsu: That the House expresses its grave concern and mounting frustration over the alarming and persistent safety failures plaguing the MyCiTi N2 Express service, as recently reported, with breakdowns occurring with alarming frequency, doors failing to close properly, and buses even catching fire – all of which have severely compromised commuter safety and shaken public confidence in the City's transport commitments to date; notes that this intolerable state of affairs constitutes both a public safety crisis and a gross failure of governance by the Western Cape Government, which must be held accountable for oversight breakdowns, inadequate maintenance protocols and the neglect of essential transport infrastructure; notes that commuters – workers, students and families – depend on reliable public transport; notes that, instead, they are being exposed to danger, unpredictability and unrest on daily journeys; and calls on the Premier and the Minister of Mobility to conduct immediately a comprehensive safety audit of the MyCiTi N2 Express fleet, including independent engineering inspections, maintenance records and emergency response readiness.

8. Ms A P Bans: That the House notes with grave concern the latest unemployment statistics released by Statistics South Africa for the second quarter of 2025; notes that the national official unemployment rate has risen to 33,2%, up from 32,9% in the first quarter, marking the highest rate in a year; notes that this translates to an increase of 140 000 unemployed individuals, bringing the total to 8,4 million South Africans without work; notes that, equally alarming, is the situation in the Western Cape where the official unemployment rate has surged by 1,5 percentage points, from 19,6% in the first quarter to 21,1% in the second quarter of 2025; notes that this increase is the highest among all provinces and underscores a significant deterioration in the provincial labour market; condemns the Western Cape Government's failure to implement effective economic policies that can reverse this alarming trend; notes that the lack of substantial job creation, particularly in sectors with high labour absorption potential, and the absence of a comprehensive provincial employment strategy are evident; calls on the Premier, the Minister of Finance

and the Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism to present urgently before this House a detailed time-bound economic recovery and job creation plan; notes that this plan must prioritise the most vulnerable communities, must include measurable targets and must be backed by real resources; and demands immediate action to address the systemic issues contributing to the province's rising unemployment rate and to restore the dignity of work to the people of the Western Cape.

9. Ms P Z Lekker: That the House expresses deep concern and outrage over the recent break-in at the Lwandle Library, which has forced its indefinite closure; notes that library staff discovered the aftermath of the attempted burglary early Monday morning, finding that perpetrators had gained access through the ceiling, bypassing security in a highly unorthodox and alarming manner; notes that, once inside, the criminals vandalised the electrical system and damaged crucial water pipes, resulting in substantial flooding and rendering the library unsafe and unusable; condemns the provincial government for its failing to provide adequate security, maintenance and oversight for public infrastructure that serves vulnerable communities; notes that the Lwandle Library is more than a building, it is a critical hub for education, literacy and community development; notes that its closure represents not just physical damage, but the denial of essential resources to learners, students and the broader community, highlighting systemic neglect and mismanagement; calls on the Premier and the Minister of Cultural Affairs and Sport, together with the Minister of Police Oversight and Community Safety, to intervene urgently by ensuring the following: that immediate security upgrades are implemented, that the library is repaired and restored to full functionality without delay, and that a broader assessment is conducted of public libraries and community facilities across the province to prevent similar incidents; and notes that the provincial government must take full responsibility and act decisively to protect public assets, safeguard educational resources and uphold the rights of citizens to access learning spaces without fear of crime or neglect.

10. Ms R Windvogel: That the House expresses profound alarm and indignation that more than half of Cape Town's early childhood development (ECD) centres – over 1 310 out of 2 620 – remain unregistered, as confirmed by Deputy Mayor Eddie Andrews at a recent ECD indaba, with as many as 63 000 children being cared for in unregulated facilities that do not qualify for the current R24 per-child-per-day subsidy; notes that the unacceptably labyrinthine registration process – plagued by burdensome development charges, zoning barriers, expensive compliance requirements, inconsistent regulations and protracted time frames – has thrust crèche owners into crippling debt, often leading to unpaid staff and hungry children; notes that this situation is a humiliating failure of governance that leaves the most vulnerable children without safe, reliable or quality early learning environments; notes that the provincial government cannot wash its hands of this crisis by citing red tape or logistical challenges; notes that the provincial government is structurally incapable of fulfilling its constitutional duty to safeguard children's rights by providing equal access to foundational education and care, particularly in impoverished and informal areas; calls on the Premier, the Minister of Social Development, the Minister of Education, the Minister of Finance and the Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism to intervene with urgency; demands that they immediately simplify and streamline the ECD registration process by removing punitive development charges for small facilities, waiving zoning restrictions in informal settlements and introducing a pro-poor and tiered compliance system tailored to informal operators; and notes that the provincial government must also provide emergency financial support to centres that have accrued unsustainable

debt due to delayed compliance or registration processes, ensuring that staff salaries and child welfare are not sacrificed at the altar of bureaucracy.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11); Mr N P Masipa (p 12); Mr D W Bryant (p 12); Mr F Kamfer (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Mr M K Sayed (p 13); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Ms P Z Lekker (p 13); Ms B Stoffel (p 13); Mr D G Jacobs (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Mr D G Jacobs (p 15); Mr G Brinkhuis (p 15); Mr B Ngqentsu (p 16); Ms N D Nkondlo (p 16); Mr G Brinkhuis (p 17); Mr B Ngqentsu (p 17); Ms P Z Lekker (p 18); Mr B Ngqentsu (p 18); Ms N D Nkondlo (p 18); Mr B Ngqentsu (p 24); Ms R Windvogel (p 24); Ms N D Nkondlo (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A P Bans (p 24).

No 16 - 2025] Tweede Sessie, Sewende Parlement

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 21 AUGUSTUS 2025

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIE EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Me T Lithakong: Die Wes-Kaapse behuisingsagterstand, met betrekking tot die Breaking New Ground-regeringsprojek, en die krisis met maatskaplike behuising.

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die kommerwekkende kwessie van veiligheid en nalatigheid by skole in die Wes-Kaap debatteer.

2. Me A P Bans: Dat die Huis die stygende lewenskoste in die Wes-Kaap en veral in Kaapstad debatteer.

3. Me B Stoffel: Dat die Huis die stygende elektrisiteitstariewe (12,74%-verhoging), wat ’n swaar las op inwoners plaas, asook die bevordering van energieprojekte van die privaat sektor en waterveerkragtigheidsbeplanning, insluitende kritieke droogtevoorbereiding, debatteer.

4. Me P Z Lekker: Dat die Huis die vertraagde ontwikkeling van gesogte openbare grond, soos die Tafelberg-terrein en die Woodstock-hospitaal, en onvoltooide hernuwingsprogramme wat struikelblokke vir ruimtelike billikheid en bekostigbare behuising inhou, debatteer.

5. Mnr F Kamfer: Dat die Huis kennis neem dat Kaapstad een van die wêreld se 10 topstede met die hoogste verkeersdruk is, met inwoners wat gemiddeld 94 uur per jaar in verkeer vassit; en die vervoerraamwerke, spoorherlewing en verbeterings aan openbare vervoer wat dringend nodig is, debatteer.

6. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die 30%-tarief wat Amerika in Augustus 2025 bekend gestel het en wat boere in die provinsie oneweredig raak, debatteer, met inagneming daarvan dat die Wes-Kaap Suid-Afrika se grootste landbou-uitvoerder is met sitrus, wyn, druiwe en vrugte wat hoogs afhanklik van oorsese markte is.

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Me A P Bans: Dat die Huis met hartseer kennis neem van en sy innige meegevoel betuig ná die verskriklike en sinnelose moord op die sewejarige Lolitha Kowa van Kuyasa, Khayelitsha; kennis neem dat Lolitha op die aand van Dinsdag 22 Julie 2025 deur haar ma as vermis aangemeld is, en dat haar lyk die volgende oggend tragies by ’n nabygeleë stortingsterrein ontdek is, wreed aangerand, in bloedbevlekte klere toegedraai, en met ’n skroewedraaier wat in haar skedel vasgesit het; kennis neem dat die uitslag van die nadoodse ondersoek verder bevestig het dat sy seksueel aangerand is voordat sy vermoor is; kennis neem dat hierdie barbaarse misdaad weer eens die voortgesette mislukking van die Wes-Kaapse Regering en sy wetstoepassingsagentskappe blootgelê het om ons mees weerlose inwoners te beskerm, veral vroue en kinders wat in arm en onderbediende gemeenskappe woon; kennis neem dat dit onaanvaarbaar is dat gemeenskappe, soos in Khayelitsha, steeds onder onvoldoende polisiëring, onderbefondsde maatskaplike dienste en swak infrastruktuur gebuk gaan, wat alles tot die toenemende klimaat van vrees en wetteloosheid bydra; kennis neem dat ons nie kan toelaat dat die moord op nog ’n kind sonder verantwoordingspligtigheid of sistemiese verandering plaasvind nie; ’n beroep doen op ’n dringende hersiening van die Provinsie se Strategie vir Veiligheid en Sekuriteit; hierdie regering uitdaag om die lewens van die gemarginaliseerdes te prioritiseer, nie net in woord nie, maar in daad; en innige meegevoel betuig met Lolitha Kowa se familie.

2. Me P Z Lekker: Dat die Huis met diepe hartseer en woede kennis neem van die wrede verkragting van en moord op die 25-jarige Zenande Tshazibane van Nyanga, wat slegs dae nadat sy ’n beskermingsbevel by die owerhede aangevra het, tragies vermoor is; verder kennis neem dat Zenande se dood ’n rampspoedige en sistemiese mislukking deur die reg- en wetstoepassingstelsel weerspieël om tydige en doeltreffende beskerming te bied aan vroue wat in gevaar van geslagsgebaseerde geweld verkeer; die voortgesette geweld teen vroue in die Wes-Kaap ten sterkste veroordeel, veral in werkersklasgemeenskappe, soos Nyanga, wat steeds gebrekkige polisiëring en hulpbronne het, en deur die provinsiale regering verwaarloos word; erkenning gee dat Zenande se moord nie ’n geïsoleerde geval is nie, maar deel is van ’n groter krisis van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord wat steeds die lewens van talle vroue en meisies in die provinsie eis; ’n beroep doen op hierdie Huis en die Wes-Kaapse Regering om die veiligheid van vroue dringend te prioritiseer deur middel van beter toegang tot geregtigheid, sterker verantwoordingspligtigheidsmeganismes by die SAPD en die hofstelsel, en die uitbreiding van programme vir die voorkoming van geslagsgebaseerde geweld; en innige meegevoel met vriende en familie betuig.

3. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die noodlottige skietery van die 46-jarige Naeema van der Vindt, 'n inwoner van Kalksteenfontein, wat koelbloedig doodgeskiet is in wat vermoedelik 'n geteikende aanval was; kennis neem dat daar beweer word dat me Van der Vindt 'n sleutelgetuie in 'n voortgaande strafsaak was, wat ernstige kommer wek oor die veiligheid en beskerming van fluitjieblasers en getuies in ons regstelsel; kennis neem dat hierdie voorval nie net die familie van 'n ma, suster en geliefde beroof het nie, maar ook die groter stryd teen misdaad en korrupsie 'n slag toegedien het, aangesien dit 'n kil boodskap stuur aan diegene wat dit waag om hul stem te laat hoor; die voortgesette mislukking van die Wes-Kaapse Regering en wetstoepassingsagentskappe om voldoende getuiebeskermings- en gemeenskapsveiligheidsmaatreëls te implementeer, ten sterkste veroordeel – veral in misdaadgeteisterde gebiede, soos Kalksteenfontein; kennis neem dat die voortgesette patroon van intimidasie, geweld en die stilmaak van getuies die oppergesag van die reg ondermyn en die gereg dwarsboom, veral vir gemeenskappe wat reeds onder die beleg van bendes en geweldsmisdaad leef; 'n beroep doen op die provinsiale regering en die Suid-Afrikaanse Polisiediens om meganismes te versterk wat die beskerming te waarborg van getuies, fluitjieblasers en weerlose individue wat in die belang van geregtigheid na vore kom; en sy innige meegevoel betuig met die Van der Vindt-familie en die Kalksteenfontein-gemeenskap – mag haar lewe en dapperheid onthou word, en mag haar dood as 'n katalisator vir verandering en verantwoordingspligtigheid in die Wes-Kaap se strafregstelsel dien.

4. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis met diepe hartseer en ontsteltenis kennis neem van die tragiese dood van Amanda Manentsa, 'n ma van drie kinders, wat noodlottig op die R300-snelweg geskiet is nadat een van haar bande gebars het; kennis neem dat hierdie skokkende voorval nie net die toenemende gevaar op ons paaie beklemtoon nie, maar ook ernstige kommer oor kriminele aktiwiteite en die veiligheid van motoriste op hoofvervoerroetes in die Wes-Kaap wek; hierdie wrede daad en die skynbare wetteloosheid veroordeel wat steeds onskuldige lewens eis, veral die lewens van vroue en ma's, wat die las dra om gesinne groot te maak en tot die samelewing bydra; kennis neem dat die voortgesette geweld op ons paaie en hoofweë, veral in gebiede soos die R300, 'n dieper mislukking van die provinsiale regering en wetstoepassingsagentskappe weerspieël om voldoende patrollies, waaktoesig en noodreaksiestelsels te implementeer; 'n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering en toepaslike wetstoepassingsowerhede om dringende stappe te doen om hoërisikoroetes, soos die R300, te beveilig en om saam met gemeenskappe en nasionale belanghebbendes te werk om sigbaarheid, reaksietyd en padgebruikerveiligheid te verbeter; en sy innige meegevoel betuig met die Manentsa-gesin, haar drie kinders, en almal wat haar geken en liefgehad het.

5. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met diepe kommer en verontwaardiging kennis neem dat byna 200 skoolassistente in die Wes-Kaap vir verskeie weke nie hul toelaagbetalings ontvang het nie, wat baie van hulle – wat reeds 'n karige salaris verdien – in 'n posisie geplaas het waar hulle nie aan hul basiese behoeftes kon voldoen nie en nie hul gesinsverantwoordelikhede kon nakom nie; verder kennis neem dat hierdie skoolassistente 'n kritieke rol speel om opvoeders te ondersteun, leer in die klaskamer te verbeter en om toe te sien dat skole glad funksioneer, maar tog word hulle met minagting en 'n gebrek aan respek deur die provinsiale administrasie behandel; die onaanvaarbare vertragings met betaling as 'n erge mislukking van bestuurstoesig en finansiële bestuur deur die Wes-Kaap Regering veroordeel, wat weer eens sy onvermoë bewys het om die lewensbestaan van

gewone werkers bo burokratiese ondoeltreffendheid te prioritiseer; kennis neem dat dit ’n skande is dat, in ’n provinsie waar die lewenskoste van die hoogste in die land is, die einste mense wat daagliks tot die onderwys en ontwikkeling van ons kinders bydra, vir weke sonder inkomste gelaat is; ’n beroep doen op die provinsiale regering om onmiddellik al die uitstaande betalings aan skoolassistente vry te stel, om duidelike en afdwingbare tydlyne vir toelaagbetalings in plek te stel, en om aan hierdie Huis rekenskap te gee oor die administratiewe mislukkings wat hierdie vertragings veroorsaak het; en die implementering van sterker arbeidsbeskerming en kontrakwaarborge eis om toe te sien dat geen skoolassistent, of enige ander kwesbare werker in die provinsiale onderwysstelsel, ooit weer aan sulke ontbering en vernedering onderwerp word nie.

6. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met ontsteltenis en verontwaardiging kennis neem dat voortslepende vuurwapengeweld in die Steenberg-gemeenskap die Hoërskool Steenberg gedwing het om leerders en personeel weens ’n toename in skietvoorvalle in die gebied Dinsdag vroeg huis toe te stuur; verder kennis neem dat dit nie ’n geïsoleerde voorval was nie, maar deel van ’n langdurige geweldpatroon in baie werkersklasgemeenskappe in die Wes-Kaap is, waar leerders se reg op onderwys herhaaldelik ondermyn word deur die provinsiale regering se mislukking om aan die hoofoorsake van misdaad aandag te skenk en die veiligheid van skole te verseker; die wanoptrede en onvoldoende reaksie van die Wes-Kaap Regering veroordeel, wat gemeenskappe soos Steenberg steeds tussen bendegeweld en onderbefondsde polisiëring gevange hou; kennis neem dat die veiligheid van leerders, onderwysers en skoolpersoneel nie as ’n sekondêre kwessie hanteer kan word of heeltemal in die hande van oorbelaste polisiedienste gelaat kan word nie; kennis neem dat die provinsiale administrasie die politieke en grondwetlike verantwoordelikheid het om dringende ingrypings te koördineer, om skoolveiligheidsprogramme te versterk en om met die nasionale regering saam te werk om bykomende polisiëring, maatskaplike dienste en gemeenskapsontwikkelingshulpbronne na misdaadgevaarpunte te ontplooi; ’n beroep doen op die Premier en die Minister van Onderwys om aan hierdie Huis rekenskap te gee oor watter konkrete, onmiddellike stappe gedoen sal word om leerders en opvoeders in Steenberg en ander betrokke gemeenskappe te beskerm, en om ’n omvattende tydsgebonde veiligheidsplan voor te lê wat aan die veiligheidskrisis sowel as die sosio-ekonomiese dryfkragte van geweld aandag skenk; en verder vereis dat die provinsiale regering ophou om nasionale owerhede te blameer en eerder sy eie bevoegdhede uitoefen om die veiligheid, stabiliteit en vrede te lewer wat ons gemeenskappe al te lank eis.

7. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis sy diepe kommer en toenemende frustrasie uitspreek oor die kommerwekkende en volgehoue veiligheidsfoute wat die MyCiTi N2 Express-diens teister, soos onlangs aangemeld is, met busse wat met skokkende gereeldheid breek, deure wat nie behoorlik toemaak nie, en selfs busse wat aan die brand slaan – wat alles die veiligheid van pendelaars ernstig in gedrang gebring het en die publiek se vertroue in die Stad se vervoerverpligtinge tot dusver geskend het; kennis neem dat hierdie onhoudbare toestand ’n openbareveiligheidskrisis sowel as ’n groot gebrek aan bestuurstoesig deur die Wes-Kaap Regering verteenwoordig, wat verantwoordingspligtig gehou moet word vir toesigtekortkomings, onvoldoende instandhoudingsprotokolle en die verwaarlosing van noodsaaklike vervoerinfrastruktuur; kennis neem dat pendelaars – werkers, studente en families – van betroubare openbare vervoer afhanklik is; kennis neem dat hulle eerder aan gevaar, onvoorspelbaarheid en onrus gedurende daaglikse reise blootgestel word; en ’n beroep doen op die Premier en die Minister van Mobiliteit om onmiddellik ’n omvattende

veiligheidsoudit van die MyCiTi N2 Express-vloot uit te voer, insluitende onafhanklike ingenieursondersoeke, instandhoudingsrekords en noodreaksiegereedheid.

8. Me A P Bans: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die jongste werkloosheidstatistiek wat Statistieke Suid-Afrika vir die tweede kwartaal van 2025 vrygestel het; kennis neem dat die nasionale amptelike werkloosheidskoers van 32,9% in die eerste kwartaal na 33,2% gestyg het, wat dit die hoogste koers in ’n jaar maak; kennis neem dat dit ’n toename van 140 000 werklose individue verteenwoordig, wat die totale getal werklose Suid-Afrikaners op 8,4 miljoen te staan bring; kennis neem dat die situasie in die Wes-Kaap ewe kommerwekkend is, waar die amptelike werkloosheidskoers met 1,5 persentasiepunte gestyg het, van 19,6% in die eerste kwartaal na 21,1% in die tweede kwartaal van 2025; kennis neem dat hierdie toename die hoogste van alle provinsies is en ’n beduidende verslegting in die provinsiale arbeidsmark beklemtoon; die Wes-Kaapse Regering se versuim om doeltreffende ekonomiese beleide te implementeer wat hierdie kommerwekkende tendens kan omkeer, veroordeel; kennis neem dat die gebrek aan beduidende werkskepping, veral in sektore met die moontlikheid vir hoë arbeidsinlywing, en die afwesigheid van ’n omvattende provinsiale indiensnemingstrategie duidelik is; ’n beroep doen op die Premier, die Minister van Finansies en die Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme om dringend ’n gedetailleerde, tydsgebonde ekonomieseherstel- en werkskeppingsplan aan hierdie Huis voor te lê; kennis neem dat hierdie plan die mees kwesbare gemeenskappe moet prioritiseer, meetbare teikens moet insluit en deur werklike hulpbronne ondersteun moet word; en onmiddellike optrede vereis om aan die sistemiese kwessies aandag te skenk wat tot die provinsie se toenemende werkloosheidskoers bydra en om die waardigheid van werk vir die mense van die Wes-Kaap te herstel.

9. Me P Z Lekker: Dat die Huis diepe kommer en verontwaardiging uitspreek oor die onlangse inbraak by die Lwandle-biblioteek, wat hom gedwing het om onbepaald te sluit; kennis neem dat biblioteekpersoneel die gevolge van die poging tot inbraak vroeg Maandagoggend ontdek het, en gevind het dat die oortreders deur die plafon toegang verkry het, en die sekuriteit op ’n hoogs ongewone en kommerwekkende manier omseil het; kennis neem dat die misdadigers, toe hulle binne was, die elektrisiteitstelsel gevandaliseer en noodsaaklike watertoevoerpype beskadig het, wat tot groot oorstromings gelei het en die biblioteek onveilig en onbruikbaar gemaak het; die provinsiale regering veroordeel vir sy versuim om voldoende sekuriteit, instandhouding en toesig te verskaf vir openbare infrastruktuur wat kwesbare gemeenskappe bedien; kennis neem dat die Lwandle-biblioteek nie net ’n gebou is nie, dit is ook ’n kritieke sentrum vir onderwys, geletterdheid en gemeenskapsontwikkeling; kennis neem dat sy sluiting nie net fisieke skade verteenwoordig nie, maar die ontkenning van noodsaaklike hulpbronne vir leerders, studente en die groter gemeenskap, wat sistemiese verwaarlosing en wanbestuur beklemtoon; ’n beroep doen op die Premier en die Minister van Kultuursake en Sport, saam met die Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid, om dringend in te gryp deur die volgende te verseker: dat onmiddellike veiligheidsopgraderings geïmplementeer word, dat die biblioteek herstel word en sonder vertraging weer volledige funksioneel gemaak word, en dat ’n groter beoordeling van openbare biblioteke en gemeenskapsfasiliteite in die provinsie uitgevoer word om soortgelyke voorvalle te voorkom; en kennis neem dat die provinsiale regering volle verantwoordelikheid moet aanvaar en beslissend moet optree om openbare bates te beskerm, opvoedkundige bronne te beskerm en die regte van burgers

te handhaaf om toegang te verkry tot leerruimtes sonder vrees vir misdaad of verwaarlosing.

10. Me R Windvogel: Dat die Huis diepe kommer en verontwaardiging uitspreek omdat meer as die helfte van Kaapstad se sentrums vir vroeë kinderontwikkeling (VKO-sentrums) – meer as 1 310 van 2 620 – steeds nie geregistreer is nie, soos bevestig deur onderburgemeester Eddie Andrews by ’n onlangse VKO-indaba, met soveel as 63 000 kinders wat in ongereguleerde fasiliteite versorg word, wat nie vir die huidige subsidie van R24 per kind per dag in aanmerking kom nie; kennis neem dat die onaanvaarbare ingewikkelde registrasieproses – gekenmerk deur lastige ontwikkelingskoste, soneringshindernisse, duur nakomingsvereistes, teenstrydige regulasies en verlengde tydsraamwerke – crèche-eienaars diep in die skuld geplaas het, wat dikwels tot onbetaalde personeel en honger kinders lei; kennis neem dat hierdie situasie ’n vernederende mislukking van bestuurstoesig verteenwoordig wat die mees kwesbare kinders sonder vroeë leeromgewings laat wat veilig, betroubaar en van gehalte is; kennis neem dat die provinsiale regering nie hierdie krisis kan ignoreer deur na burokratiese of logistieke uitdagings te verwys nie; kennis neem dat die provinsiale regering struktureel nie in staat is om sy grondwetlike plig na te kom om kinders se regte te beskerm deur gelyke toegang tot grondslagonderwys en versorging te verskaf nie, veral in arm en informele gebiede; ’n beroep doen op die Premier, die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, die Minister van Onderwys, die Minister van Finansies en die Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme om dringend in te gryp; eis dat hulle onmiddellik die VKO-registrasieproses vereenvoudig en stroomlyn deur bestraffende ontwikkelingskoste vir klein fasiliteite te verwyder, soneringsbeperkings in informele nedersettings op te hef en ’n pro-arm- en trapsgewyse nakomingstelsel in te stel wat op informele bedrywighede gemik is; en kennis neem dat die provinsiale regering ook dringende finansiële noodondersteuning aan sentrums moet bied wat onvolhoubare skuld het as gevolg van vertraagde nakomings- of registrasieprosesse, ten einde te verseker dat personeel se salarisse en kinderwelsyn nie ter wille van burokrasie in gedrang kom nie.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 8); Me A P Bans (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me B Stoffel (bl 8); Me P Z Lekker (bl 8); Mnr G Brinkhuis (bl 10); Mnr D G Jacobs (bl 10); Me N Mbombo (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Me W F Kaizer-Philander (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me A Cassiem (bl 11); Mnr N P Masipa (bl 12); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr F Kamfer (bl 12); Me A P Bans (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Mnr M K Sayed (bl 13); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Me P Z Lekker (bl 13); Me B Stoffel (bl 13); Mnr D G Jacobs (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 14); Mnr B Ngqentsu (bl 15); Mnr D G Jacobs (bl 15); Mnr G Brinkhuis (bl 15); Mnr B Ngqentsu (bl 16); Me N D Nkondlo (bl 16); Mnr G Brinkhuis (bl 17); Mnr B Ngqentsu (bl 17); Me P Z Lekker (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 18); Me N D Nkondlo (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 24); Me R Windvogel (bl 24); Me N D Nkondlo (bl 24); Me P Z Lekker (bl 24); Me A P Bans (bl 24).